VRAE VIR GROEPLEDE (Week van So 11 Okt, 18 Okt en 25 Okt 2009)

Lees Luk 18:1-8: Dissipels bid met volharding vir die koninkryk: Beroepsgevaar 8 - eiesinnigheid

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien inligtingstuk oor die Lukas evangelie (uitgedeel op 28/7 en ook op webwerf onder die hofie "omgeegroepe en wyke").
- Luk 17:20-37 vorm die agtergrond van hierdie gelykenis. Veral v 21, wat die dringendheid van die dinge wat hier en nou plaasvind vir die koms van die koninkryk onderstreep. Die dringendheid van die soort gebed wat deur die gelykenis uitgebeeld word, is nie dringendheid op grond van persoonlike behoeftes nie, maar dringendheid op grond van die koninkryk wat *nou* aan die kom is. Dissipels deel hierdie gevoel van dringendheid. Jy sien dit in hulle gebede. Sonder hierdie bewustheid en aangegrepenheid deur die koninkryk wat nou, hier, radikaal aan die kom is, kan volharding in gebed blote klipkoppigheid en eiesinnigheid wees.
- Luk 18:1-8 is een van die twee gelykenisse van Jesus wat gebed as tema het. Die ander gelykenis handel oor die onbeskaamde vriend (Luk 11:5-8).
- Vers 1: Gelowiges verskil oor die manier hoe ons aanhoudend moet bid. Sommige sal sê dat jy ten minste elke dag 'n uur opsy moet sit om te bid vir God se koninkryk terwyl ander weer sê dat hulle hele lewe 'n "lewe van gebed" is. Sommige gelowiges sal sê dat jy moet "proclaim" dat God jou gebede sal verhoor terwyl ander beklemtoon dat 'n mens in groter nederigheid moet bid. Die feit is dat gebed 'n gesprek tussen die Almagtige God en 'n nederige sondaarmens is. In ons gebede erken ons ons afhanklikheid van God en vra sy hulp omdat ons besef dat ons nie alles self kan doen nie. Die Bybel moedig ons aan om gedurig te bid (vgl ook 1 Tess 5:17).
- Vers 2: Hier word vertel van 'n onregverdige regter. Die probleem is dat sommige 'n prentjie van God het as 'n "onregverdige regter" vir wie jy moet oortuig met jy manier van bid. Jy moet Hom druk totdat Hy moeg word en ingee. Die res van die gelykenis kom juis sê dat God nié soos 'n onregverdige regter is nie (vgl vv 7-8).
- Vers 3: In die tyd van die Bybel het weduwees feitlik geen regte gehad nie; daarom het God 'n besondere hart vir hierdie weerlose mense (vgl Eks 22:22-24; Jes 1:17; 1 Tim 5:3; Jak 1:27). Ander persone sou dalk die onregverdige regter probeer omkoop, maar hierdie weduwee het nie eers die geld om hom om te koop nie.
- Verse 6-8a: Hier het ons te doen met 'n kontrasgelykenis of "on-gelykenis". Die punt lê nie daarin dat God soos die onregverdige regter is wat deur knaende gebede uitgeput kan word nie. Die punt lê daarin dat God juis nié soos die regter is nie. Dit wil sê as die onregverdige regter oorreed kan word om te luister, hoeveel te meer sal God (wat heeltemal anders is as hierdie regter) nie vir sy uitverkorenes luister en help nie.
- Vers 8b: Hierdie vers beklemtoon dat die probleem nie eerstens God is wat nie meer wil gee nie, maar die kerk wat nie meer wil vra nie – wat nie meer geloof het om te vra nie. Mense wat nie meer glo nie, bid nie meer nie. 'n Ware ateïs is iemand wat in tye van groot nood nie eers meer tot God bid nie.

Moontlike vrae

- Dink na oor die volgende opmerking van Coenie Burger: "My eie ervaring is dat daar min dinge is waaroor Christene so besorg is, so skuldig voel en so ontwykend praat as oor hulle gebedslewe."
- Het jy al moedeloos gevoel in jou gebedslewe? Deel dit met die groep.
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 5 in die lig van die hele gelykenis? Beteken dit dat ons "aggressief" moet bid totdat God ingee?
- Wat leer ons van God in vers 7?
- Die gelykenis moedig ons aan om te bid. Wat is die inhoud van hierdie gebed? Gaan dit oor gebed vir ons persoonlike behoeftes of oor gebed vir die koms van God se koninkryk?
- Bespreek die volgende stelling in die lig van vers 8b: "Wanneer mense opbou bid is dit nie omdat daar fout is met hulle gebedslewe nie, maar met hulle geloofslewe."
- Hoe bid 'n mens volhardend? Help mekaar met 'n paar praktiese riglyne.

Lees Luk 18:9-14: Dissipels is eg: Beroepsgevaar 9 - valsheid

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Dissipels gee nie voor nie. Hulle ken hulself as gelyktydig sondaars en verlostes. Dit maak dit moontlik vir hulle om in hulle omgang met mense én met God eg te kan wees. Die probleem van die Fariseër is nie in die eerste plek hoogmoed nie, maar valsheid. Beide hy en die tollenaar is sondaars wat afhanklik is van God se genade. Nie een van hulle kan dissipels wees as hulle dit nie erken nie. Die tollenaar kan ook in valsheid verval, waar hy bid oor die Fariseër soos die Fariseër oor hom bid. In die kring van dissipels is dit dikwels so dat daar geleer word by die mees onwaarskynlike mense. En die belangrikste ding wat geleer word is hierdie soort egte nederigheid.
- Vers 9: Hier word van sekerheid gepraat. Hierdie vers sê nie dat ons nie "geloofsekerheid" of "verlossingsekerheid" kan hê nie. Christene kan seker wees van hulle geloof in Jesus Christus, dws seker wees dat hulle hemel toe gaan. Maar hierdie sekerheid is nie gegrond op ons eie "sterk" geloof of op goeie werke soos by die Fariseërs nie. Hierdie sekerheid lê by Jesus Christus (vgl Joh 3:16; 4:47; Hebr 10:22).
- Verse 10-12: Hierdie verse skets 'n prentjie van twee persone. Ons moet versigtig wees om nie die een as net boos en die ander een as net goed te sien nie. Die Fariseër was 'n "goeie kerkman." Hy gaan na die tempel en bid saggies by homself, nie vol grootdoenerigheid nie. En dan in alle eerlikheid dank hy God. Hy spog nie voor al die mense in

die tempel nie. Hy dank God dat hy nie ’n dief, bedrieër en egbreker is nie. En dit is waar. Die probleem is nie dat die Fariseër ’n goeie vroom man was nie, maar dat hy daardeur sy eie verlossing wou uitwerk. Ons idealiseer dikwels die tollenaar. Hy was ’n dief en ’n bedrieër. Hy het nie gereeld na die tempel gekom om te bid nie. Hy het nie gereeld sy tiende gegee nie. Maar tog was hy bereid om eerlik voor God te wees.

- Vers 13: Hier word beskryf dat die tollenaar “ver bly staan het”. Waarskynlik wys dit op die voorhof van die tempel. Deurdat hy op sy bors slaan, wys hy na sy hart as die bron en setel van sy toestand.
- Vers 14: Die gelykenis eindig nie met die woorde “gaan en doen julle net so” nie. Nee, dit eindig met ’n oordeel van Christus oor die gesindheid van mense.

Moontlike vrae

- Hoekom het Jesus hierdie storie (gelykenis) vertel? (v 9)
- Wat is jou prentjie van die Farsieër en van die tollenaar? Was die Fariseër net sleg en die tollenaar net goed?
- Wat is die kern van die tollenaar se gebed? (v 13)
- Die tollenaar het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is (v 14). Is dit waar dissipelskap ophou?
- Bespreek die volgende stelling: “Ware dissipels van Jesus erken hulle afhanklikheid van God soos die tollenaar en leef met toewyding soos die Fariseër”.
- Het jy al in jou verhouding met God ‘n “bedroeftheid” ervaar? (v 13)
- Wanneer is ’n mens se saak met die Here reg? Wat moet in ons lewens gebeur?
- Hoe kan ons iemand help wie se saak met God nié reg is nie?

<u>Lees Luk 19:11-27: Disssipels deel uit: Beroepsgevaar 10 – geestelike inhaligheid</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Hierdie is die laaste gelykenis van Jesus voor sy intog in Jerusalem. Jesus wys ons hier hoe om te werk op aarde. Hy moedig ons as sy dissipels aan om (1) nié moeg te word nie; en (2) ook nie nederigheid te verloor nie (al het ons dalk ’n hele paar gawes ontvang). As ek in die koninkryk bloot werk met die korttermyn resultate in die oog lei dit maklik tot uitbranding en energieloosheid. Enigiets wat regtig die moeite werd is om jou lewe aan te wy neem meer as ’n leeftyd om te voltooi. As ek in die koninkryk werk aan ’n loopbaan of aan eie projekte, lei dit tot hoogmoed en trots.
- Vers 12: Geleerdes reken dat die verwysing na ’n “man van adellike afkoms” waarskynlik sinspeel op Archelaus, seun van Herodus die Grote, wat na Rome moes reis. Hierdie historiese besonderhede word gebruik om Jesus se eie lewe te verstaan. Jesus staan self op die punt om na ’n ver land (hemel) te reis. Hy sal die koningskap aanvaar ten spyte van die teenkanting van baie mense en in die toekoms sal Hy weer terugkeer (wederkoms).
- Vers 13: Hier word van slawe/diensknegte gepraat. Die getal “tien” dui op volheid. Die Griekse woord *mna* word met “goue muntstuk” in die 1983-AV vertaal. Dit was ’n Griekse muntstuk wat ’n honderd dragmas werd was. ’n Dragma was ’n werker se loon vir een dag. Jesus het vir sy dissipels ’n verantwoordelikheid en gawes gegee om sy werk op aarde voort te sit tot met sy wederkoms. Die woord “muntstuk” dui op geestelike gawes, nie op fisiese geld nie.
- Vers 23: “in die bank gesit”. In die Griekse teks word die woord “tafel” gebruik wat verwys na die tafels van die geldwisselaars.
- Vers 25-26: Ons moet versigtig wees om nie onderskeid te tref tussen die verskillende gawes nie Die Bybel sê baie duidelik dat elkeen ’n gawe van die Here ontvang het (vgl Rom 12:4-8; 1 Kor 12; Ef 4:11). Hierdie verse beklemtoon wel die erns dat ons ons talente/gawes nie moet begrawe nie.
- Vers 27: Hierdie vers toon ’n verhouding met vers 14 en het betrekking op mense wat nie vir Jesus as Koning en Messias wou aanvaar nie. Hulle kry ’n swaarder straf as die slaaf wat ontrou was in die aanwending van die goue muntstuk.

Moontlike vrae

- Wat is die agtergrond waarteen hierdie gelykenis vertel word? (v 11)
- Wanneer glo jy gaan Jesus weer aarde toe kom? In jou eie leeftyd of nadat jy gesterf het?
- Wat was sy kriteria vir goeie slawe (v 17) en vir slegte slawe (v 22)?
- Gesels oor vers 26. Hoe verstaan jy hierdie vers? Beteken dit dat ek materieel geseën sal word?
- Jesus gee vir ons elkeen ’n verantwoordelikheid op aarde totdat Hy weer kom.
    - Wat glo jy is die verantwoordelikheid wat die Here vir jou gee?
    - Wat glo jy is die gawes wat die Here vir jou gegee het om hierdie verantwoordelikheid te kan nakom?
- As Jesus vandag terugkeer aarde toe, sal jy tevrede wees met jou lewe as dissipel van die Here?
- Was daar ’n tyd in jou lewe toe jy jou gawes vir jouself gehou het?

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Dink aan iets wat jy as kind baie graag wou hê en hoe jy by jou ouers daarvoor gesmeek het? Het hulle dit op die ou end vir jou gegee?
- Of: Dink aan iets waarvoor jou kinders jou onlangs gesmeek het? Het jy dit op die ou end vir hulle gegee?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Ons Vader gebed (Lied 266); Hemelvader ek aanbid U (CD no 1); In die hemel is die Here (CD no 4).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 90:12-17. Dalk kan julle die woorde van vers 12 hardop bid.
- Dit sou goed wees om hierdie week te begin met gebed en daarna te gesels oor gebed.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy ‘n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 11 Okt se eredienste (12e So in ons reeks oor Jesus se Dissipelskapskool).

Lees Luk 18:1-8: Dissipels bid met volharding vir die koninkryk: Beroepsgevaar 8 - eiesinnigheid

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Sien inligtingstuk oor die Lukas evangelie (uitgedeel op 28/7 en ook op webwerf onder die hofie “omgeegroepe en wyke”).
- Luk 17:20-37 vorm die agtergrond van hierdie gelykenis. Veral v 21, wat die dringendheid van die dinge wat hier en nou plaasvind vir die koms van die koninkryk onderstreep. Die dringendheid van die soort gebed wat deur die gelykenis uitgebeeld word, is nie dringendheid op grond van persoonlike behoeftes nie, maar dringendheid op grond van die koninkryk wat *nou* aan die kom is. Dissipels deel hierdie gevoel van dringendheid. Jy sien dit in hulle gebede. Sonder hierdie bewustheid en aangegrepenheid deur die koninkryk wat nou, hier, radikaal aan die kom is, kan volharding in gebed blote klipkoppigheid en eiesinnigheid wees.
- Luk 18:1-8 is een van die twee gelykenisse van Jesus wat gebed as tema het. Die ander gelykenis handel oor die onbeskaamde vriend (Luk 11:5-8).
- Vers 1: Gelowiges verskil oor die manier hoe ons aanhoudend moet bid. Sommige sal sê dat jy ten minste elke dag ’n uur opsy moet sit om te bid vir God se koninkryk terwyl ander weer sê dat hulle hele lewe ‘n “lewe van gebed” is. Sommige gelowiges sal sê dat jy moet “proclaim” dat God jou gebede sal verhoor terwyl ander beklemtoon dat ’n mens in groter nederigheid moet bid. Die feit is dat gebed ’n gesprek tussen die Almagtige God en ’n nederige sondaarmens is. In ons gebede erken ons ons afhanklikheid van God en vra sy hulp omdat ons besef dat ons nie alles self kan doen nie. Die Bybel moedig ons aan om gedurig te bid (vgl ook 1 Tess 5:17).
- Vers 2: Hier word vertel van ’n onregverdige regter. Die probleem is dat sommige ’n prentjie van God het as ’n “onregverdige regter” vir wie jy moet oortuig met jy manier van bid. Jy moet

Hom druk totdat Hy moeg word en ingee. Die res van die gelykenis kom juis sê dat God nié soos ’n onregverdige regter is nie (vgl vv 7-8).

- Vers 3: In die tyd van die Bybel het weduwees feitlik geen regte gehad nie; daarom het God ‘n besondere hart vir hierdie weerlose mense (vgl Eks 22:22-24; Jes 1:17; 1 Tim 5:3; Jak 1:27). Ander persone sou dalk die onregverdige regter probeer omkoop, maar hierdie weduwee het nie eers die geld om hom om te koop nie.
- Vers 5: Die vertaling van die Griekse woord *hupopiatsoo* lewer nogal probleme op. Die 1983-AV vertaal dit met “klap” en die 1933/53 AV met “in die gesig slaan”. Waarskynlik is dit beter om dit te vertaal met “heeltemal gedaan maak” (Nuwe Lewende Vertaling) of “so that she may not wear me out by continually coming.” (New Revised Standard Version).
- Verse 6-8a: Hier het ons te doen met ’n kontrasgelykenis of “on-gelykenis”. Die punt lê nie daarin dat God soos die onregverdige regter is wat deur knaende gebede uitgeput kan word nie. Die punt lê daarin dat God juis nié soos die regter is nie. Dit wil sê as die onregverdige regter oorreed kan word om te luister, hoeveel te meer sal God (wat heeltemal anders is as hierdie regter) nie vir sy uitverkorenes luister en help nie.
- Vers 8b: Hierdie vers beklemtoon dat die probleem nie eerstens God is wat nie meer wil gee nie, maar die kerk wat nie meer wil vra nie – wat nie meer geloof het om te vra nie. Mense wat nie meer glo nie, bid nie meer nie. ’n Ware ateïs is iemand wat in tye van groot nood nie eers meer tot God bid nie.

Moontlike vrae

- Dink na oor die volgende opmerking van Coenie Burger: “My eie ervaring is dat daar min dinge is waaroor Christene so besorg is, so skuldig voel en so ontwykend praat as oor hulle gebedslewe.”
- Het jy al moedeloos gevoel in jou gebedslewe? Deel dit met die groep.
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 5 in die lig van die hele gelykenis? Beteken dit dat ons “aggressief” moet bid totdat God ingee?
- Wat leer ons van God in vers 7?
- Die gelykenis moedig ons aan om te bid. Wat is die inhoud van hierdie gebed? Gaan dit oor gebed vir ons persoonlike behoeftes of oor gebed vir die koms van God se koninkryk?
- Bespreek die volgende stelling in die lig van vers 8b: “Wanneer mense opbou bid is dit nie omdat daar fout is met hulle gebedslewe nie, maar met hulle geloofslewe.”
- Hoe bid ’n mens volhardend? Help mekaar met ’n paar praktiese riglyne.

Bybelstudiemetodes

Drie-vraag metode

- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)

- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord ’n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Gebed wil ons juis help om ons aandag weg van onsself te keer. Ons wil fokus op God en sy koninkryk.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 18:1
- Julle kan 'n klein opvoeringe hou waar 'n kind aanhoudend iets vir sy ouer vra. Beklemtoon dan dat God nog beter as die ouer is.
- Moontlike vrae: (1) Hoekom moet ons bid? (2) Wat beteken dit om "aanhou bid" soos wat vers 1 sê? (3) Hierdie gelykenis vertel van 'n onregverdige regter. Is God soos 'n onregverdige regter? (4) Hoe dink jy moet 'n kind bid?

ADMINISTRASIE

- Volgende byeenkoms is Di 27 Okt om 19:00 (4e Sondag van die maand).
- Kan ons volgende jaar voortgaan met die ritme van vanjaar, dws een byeenkoms per maand (gewoonlik 4e Dinsdag of soms 2e Dinsdag)?
- Maak alreeds 'n nota van ons gemeente se 40-jarige verjaardagfees op So 1 Nov.

VERDERE TOERUSTING

- Ons as gemeenteleiers gesels oor moontlike fokusse vir volgende jaar.
- Daar is talle bedieninge en aksies in ons gemeente. Ons reken dat die meeste van hierdie bedieninge belangrik is en nie in 2010 gelos kan word nie. Maar ons besef dat ons volgende jaar meer energie, tyd en geld op sekere bedieninge sal moet spandeer (dws spesifieke fokusse). Wat dink jy moet dit in 2010 wees? Dink aan een of twee sulke fokusse.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 18 Okt 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Het jy die afgelope week by iemand valsheid beleef? Deel dit met die groep.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Genade onbeskryflik groot (Lied 510); Jesus all for Jesus (CD no 5); Salvation belongs to our God (CD no 6)

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 91:9-16. Bid hierdie gebed as 'n gebed vir beskerming van die groep in die week.
- Fokus veral op skuldbelyedenis in die lig van die tollenaar se gebed. Julle kan kans gee dat elkeen sy persoonlike sonde vir die Here noem (stil) en julle kan ook besluit waar julle as groep voor die Here sondig (dalk is dit valsheid).

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 18 Okt se eredienste (13e So in ons reeks oor Jesus se Dissipelskapskool).

<u>Lees Luk 18:9-14: Dissipels is eg: Beroepsgevaar 9 - valsheid</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Dissipels gee nie voor nie. Hulle ken hulself as gelyktydig sondaars en verlostes. Dit maak dit moontlik vir hulle om in hulle omgang met mense én met God eg te kan wees. Die probleem van die Fariseër is nie in die eerste plek hoogmoed nie, maar valsheid. Beide hy en die tollenaar is sondaars wat afhanklik is van God se genade. Nie een van hulle kan dissipels wees as hulle dit nie erken nie. Die tollenaar kan ook in valsheid verval, waar hy bid oor die Fariseër soos die Fariseër oor hom bid. In die kring van dissipels is dit dikwels so dat daar geleer word by die mees onwaarskynlike mense. En die belangrikste ding wat geleer word is hierdie soort egte nederigheid.
- Vers 9: Hier word van sekerheid gepraat. Hierdie vers sê nie dat ons nie "geloofsekerheid" of "verlossingsekerheid" kan hê nie. Christene kan seker wees van hulle geloof in Jesus Christus, dws seker wees dat hulle hemel toe gaan. Maar hierdie sekerheid is nie gegrond op ons eie "sterk" geloof of op goeie werke soos by die Fariseërs nie. Hierdie sekerheid lê by Jesus Christus (vgl Joh 3:16; 4:47; Hebr 10:22).
- Verse 10-12: Hierdie verse skets 'n prentjie van twee persone. Ons moet versigtig wees om nie die een as net boos en die ander een as net goed te sien nie. Die Fariseër was 'n "goeie kerkman." Hy gaan na die tempel en bid saggies by homself, nie vol grootdoenerigheid nie. En dan in alle eerlikheid dank hy God. Hy spog nie voor al die mense in die tempel nie. Hy dank God dat hy nie 'n dief, bedrieër en egbreker is nie. En dit is waar. Die probleem is nie dat die Fariseër 'n goeie vroom man was nie, maar dat hy daardeur sy eie verlossing wou uitwerk. Ons idealiseer dikwels die tollenaar. Hy was 'n dief en 'n bedrieër. Hy het nie gereeld na die tempel gekom om te bid nie. Hy het nie gereeld sy tiende gegee nie. Maar tog was hy bereid om eerlik voor God te wees.
- Vers 13: Hier word beskryf dat die tollenaar "ver bly staan het". Waarskynlik wys dit op die voorhof van die tempel. Deurdat hy op sy bors slaan, wys hy na sy hart as die bron en setel van sy toestand.
- Vers 14: Die gelykenis eindig nie met die woorde "gaan en doen julle net so" nie. Nee, dit eindig met 'n oordeel van Christus oor die gesindheid van mense.

Moontlike vrae

- Hoekom het Jesus hierdie storie (gelykenis) vertel? (v 9)
- Wat is jou prentjie van die Farsieër en van die tollenaar? Was die Fariseër net sleg en die tollenaar net goed?
- Wat is die kern van die tollenaar se gebed? (v 13)
- Die tollenaar het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is (v 14). Is dit waar dissipelskap ophou?
- Bespreek die volgende stelling: "Ware dissipels van Jesus erken hulle afhanklikheid van God soos die tollenaar en leef met toewyding soos die Fariseër".
- Het jy al in jou verhouding met God 'n "bedroeftheid" ervaar? (v 13)
- Wanneer is 'n mens se saak met die Here reg? Wat moet in ons lewens gebeur?
- Hoe kan ons iemand help wie se saak met God nié reg is nie?

Bybelstudiemetodes (sien week van 11 Okt)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Vals Christene het al baie skade in God se koninkryk gedoen. Dissipels van Jesus sal sukkel om uit te reik na ander as daar nie egtheid in hulle lewe is nie.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 18:13b
- Moontlike vrae: (1) Hoekom het Jesus hierdie storie (gelykenis) vertel? (v 9) (2) Wat is die verskil tussen die tollenaar se gebed en die Farsieër se gebed? (3) Kan ek maar net my sondes bely en alles sal reg wees? (4) Wil Jesus hê dat ons soos die tollenaar moet wees of soos die Fariseër of soos 'n dissipel van Hom?

ADMINISTRASIE ENVERDERE TOERUSTING

- Sien week van 11 Okt.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 25 Okt 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Wat sal jy doen as jy R100 000 present kry?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Praat ek mense- engletale (Lied 530); Jesus all for Jesus (CD no 5); Bring Hom hulde (CD no 15).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 34:1-8. Lees hierdie verse as 'n lofgebed voor.
- Laat groeplede twee-twee saambid. Vra dat hulle spesifiek vir die persoon op sy naam sal bid sodat hy/sy hulle gawes in God se koninkryk sal gebruik.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 25 Okt se eredienste (Afsluiting en 14e So in ons reeks oor Jesus se Dissipelskapskool).

Lees Luk 19:11-27: Disssipels deel uit: Beroepsgevaar 10 – geestelike inhaligheid

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Hierdie is die laaste gelykenis van Jesus voor sy intog in Jerusalem. Jesus wys ons hier hoe om te werk op aarde. Hy moedig ons as sy dissipels aan om (1) nié moeg te word nie; en (2) ook nie nederigheid te verloor nie (al het ons dalk 'n hele paar gawes ontvang). As ek in die koninkryk bloot werk met die korttermyn resultate in die oog lei dit maklik tot uitbranding en energieloosheid. Enigiets wat regtig die moeite werd is om jou lewe aan te wy neem meer as 'n

leeftyd om te voltooi. As ek in die koninkryk werk aan ’n loopbaan of aan eie projekte, lei dit tot hoogmoed en trots.

- Vers 12: Geleerdes reken dat die verwysing na ’n “man van adellike afkoms” waarskynlik sinspeel op Archelaus, seun van Herodus die Grote, wat na Rome moes reis. Hierdie historiese besonderhede word gebruik om Jesus se eie lewe te verstaan. Jesus staan self op die punt om na ’n ver land (hemel) te reis. Hy sal die koningskap aanvaar ten spyte van die teenkanting van baie mense en in die toekoms sal Hy weer terugkeer (wederkoms).
- Vers 13: Hier word van slawe/diensknegte gepraat. Die getal “tien” dui op volheid. Die Griekse woord *mna* word met “goue muntstuk” in die 1983-AV vertaal. Dit was ’n Griekse muntstuk wat ’n honderd dragmas werd was. ’n Dragma was ’n werker se loon vir een dag. Jesus het vir sy dissipels ’n verantwoordelikheid en gawes gegee om sy werk op aarde voort te sit tot met sy wederkoms. Die woord “muntstuk” dui op geestelike gawes, nie op fisiese geld nie.
- Vers 23: “in die bank gesit”. In die Griekse teks word die woord “tafel” gebruik wat verwys na die tafels van die geldwisselaars.
- Vers 25-26: Ons moet versigtig wees om nie onderskeid te tref tussen die verskillende gawes nie Die Bybel sê baie duidelik dat elkeen ’n gawe van die Here ontvang het (vgl Rom 12:4-8; 1 Kor 12; Ef 4:11). Hierdie verse beklemtoon wel die erns dat ons ons talente/gawes nie moet begrawe nie.
- Vers 27: Hierdie vers toon ’n verhouding met vers 14 en het betrekking op mense wat nie vir Jesus as Koning en Messias wou aanvaar nie. Hulle kry ’n swaarder straf as die slaaf wat ontrou was in die aanwending van die goue muntstuk.

Moontlike vrae

- Wat is die agtergrond waarteen hierdie gelykenis vertel word? (v 11)
- Wanneer glo jy gaan Jesus weer aarde toe kom? In jou eie leeftyd of nadat jy gesterf het?
- Wat was sy kriteria vir goeie slawe (v 17) en vir slegte slawe (v 22)?
- Gesels oor vers 26. Hoe verstaan jy hierdie vers? Beteken dit dat ek materieel geseën sal word?
- Jesus gee vir ons elkeen ’n verantwoordelikheid op aarde totdat Hy weer kom.
    - Wat glo jy is die verantwoordelikheid wat die Here vir jou gee?
    - Wat glo jy is die gawes wat die Here vir jou gegee het om hierdie verantwoordelikheid te kan nakom?
- As Jesus vandag terugkeer aarde toe, sal jy tevrede wees met jou lewe as dissipel van die Here?
- Was daar ’n tyd in jou lewe toe jy jou gawes vir jouself gehou het?

Bybelstudiemetodes (sien week van So 11 Okt)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Mense wat geestelik inhalig is, sal net hulle gawes op hulleself spandeer. Dissipels van die Here sal hulle gawes tot uitbreiding van God se koninkryk spandeer.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 17:26
- Dalk kan julle die gelykenis probeer lewend maak deur vir 10 persone elkeen ’n muntstuk uit te deel (of net vir elkeen van die kinders). Vra dat die een 10 teruggee, die ander 5 en die laaste een net die muntstuk weer teruggee.
- Moontlike vrae: Hoe verstaan jy hierdie storie? Watter gawes het jy van die Here gekry? Ouers praat baie oor verantwoordelikheid. Wat is jou verantwoordelikheid as kind van Jesus op aarde? Probeer om vers 26 in jou eie woorde oor te vertel. Somtyds sal kinders die woord “snoep” gebruik. Wat beteken dit? Kan ons dalk ook geestelik snoep wees?

ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING

- Sien week van 11 Okt.